# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT/ MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

## NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 MAART 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | - | Speaker |
| Rdh. EB Manuel | [DA] | - | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | - | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdh. JJ Josephus | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdh. J Swart | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SR Claassen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagner | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mnr. C Davids | - | Hoof: Strategiese Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Mev. E Kankowski | - | Persoonlike Assistent (Finansiële Dienste) |
| Mev. RR Fillis | - | Klerk: Komitee Dienste |

**AKSIE**

**RVN001/03/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsdame Crafford open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Oorsigkomitee Voorsitter, Mnr. Nick Stevens, wat 'n

voorlegging gaan doen oor die werksaamhede van die Oorsigkomitee ten opsigte van Jaarverslag 2015/2016.

***

**RVN002/03/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**RVN003/03/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

*******

**RVN004/03/2017**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 28 Februarie 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (RR FILLIS)***

***

**RVN005/03/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DONDERDAG 09 FEBRUARIE 2017 EN DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoering oor die Raadsbesluite van die vergaderings gehou op Donderdag 09 Februarie 2017 en Dinsdag 28 Februarie 2017, ter inligting aan die Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/03/2017**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017 PELIKAAN STRANDOORD**
**3/3/2/2**

Die ANC-koukus versoek dat ‘n datum bepaal word vir konsultering met die gemeenskap aangaande Pelikaan Strandoord. Raadslid Claassen noem ook dat foto’s op sosiale media geplaas is aangaande die agteruitgaan van die oord.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste gee terugvoering rakende die situasie by Pelikaan Strandoord, ter inligting aan die Raad.

Die Munisipale Bestuurder meld dat by die volgende Korporatiewe Dienste Komitee vergadering 'n prosesplan voorgelê sal word.

**KENNIS GENEEM**

***DIREKTEUR KORORATIEWE DIENSTE (04/04/2017)***

***

**RVN007/03/2017**
**TWEEDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017: "UPPER LIMITS" VIR RAADSLEDE**
**3/3/2/2**

Raadsdame Smit vra of daar enige terugvoering ontvang is aangaande uitstaande werkloosheidversekeringsfonds (UIF) uitbetalings aan die Raadslede.

Die Uitvoerende Burgemeester verneem ook of daar al enige terugvoering is oor die nuwe besoldiging ("upper limits") vir die Raadslede is.

Die Munisipale Bestuurder onderneem om terugvoering skriftelik aan Raadslede te gee, sodra terugvoering ontvang word van die kantoor van die betrokke Minister.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN008/03/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende verklaring/mededelings:

**LIEF EN LEED**

- Dat die Munisipale Bestuurder verjaar op 11 April 2017;
- Dat Raadslid Claassen verjaar op 12 April 2017;
- Dat Mnr. I Wiese (oom Sakkie) se eggenote oorlede is; en
- Dat Mnr. Achmed Mohamed Kathrada (Kathy) gebore 21 Augustus 1929 op 28 Maart 2017 oorlede is.

Die Speaker versoek dat die vergadering staande 'n oomblik van stillte handhaaf ter ere aan wyle Mnr. AM Kathrada.

Die Speaker bedank weereens Mnr. JA van Niekerk (Direkteur Finansiële Dienste) wat op Vrydag 31 Maart 2017 met vervroegde aftrede gaan na 34 jaar in munisipale diens, waarvan hy 22 jaar getroue diens by Bergrivier Munisipaliteit gelewer het. Die Speaker bied die Onderburgemeester, as die Portefeulje Voorsitter, die geleentheid om names haar en die DA-komponent van die Raad hul dank te betuig.

Raadsdame Smit spreek namens die ANC-koukus van die Raad hul dank uit.

**VERKLARINGS /MEDELINGS DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Die Munisipale Bestuurder toon ‘n visuele voorlegging van Heist-op-den-Berg ter inligting aan die Raad. Dit bevat ‘n groet en goeie wense vanaf hul Schepencollege (Raad) en Munisipale Bestuurder.

Die ANC meld dat die Wes-Kaapse toekenning vir die beste kleuterskool aan die “White Dove” kleuterskool in Noordhoek toegeken is.

Die Raad versoek dat die wyksraadslid Bergrivier Munisipaliteit se gelukwensing oordra aan die kleuterskool.

***

**RVN009/03/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: AANBIEDING DEUR MNR. NICK STEVENS: VOORSITTER OORSIGKOMITEE INSAKE JAARVERSLAG 2015/2016**
**3/3/1/5**

Mnr. Stevens doen ‘n visuele voorlegging. Hy gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item en wens die Raad geluk met die positiewe samewerking en vooruitgang ten opsigte van die aanbevelings in die Oorsigverslag van die vorige jare. Hy wys ook vier kwessies/bekommernisse uit vir aandag van die Raad en die administrasie.

- die kwaliteit van die konsepverslag op die webtuiste (spelling, taalfoute en foto’s wat ontbreek);
- die onwettige geboue en wanpraktyke in die boubedryf;
- die nodigheid/herbesin van speelparke en oopareas in dorpe; en
- die rente op langtermynlenings opgeneem deur die Raad.

Die Munisipale Bestuurder lewer kommentaar aangaande die langtermyn-lenings. Sy noem dat alle langtermynlenings op tender geplaas word en dat die Raad en Direksie altyd kyk na wat die beste is vir Bergrivier Munisipaliteit, inaggenome die laagste rentekoers wat deur finansiële instellings gebied word.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN010/03/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN011/03/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: 3rd ADJUSTMENT BUDGET 2016-2017**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Onderburgemeester gee agtergrond met betrekking tot die 3de aansuiweringsbegroting 2016/2017.

Voorts noem sy dat 'n vermindering in die MIG toekenning vir 2016/2017, ten bedrae van R5 miljoen, in die kapitaalbegroting reggestel word.

Verdere kommentaar ten opsigte van die verminderde MIG toekenning word deur die Direkteur Tegniese Dienste gelewer. Hy noem dat dit nie negatief inwerk op die kapitaalprojekte nie en dat daadwerklike pogings aangewend word om die fondse terug te kry, nadat Nasionale toekennings vir die 2016/2017 finansiële jaar afgehandel is.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

1) That the third annual Adjustment Budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2016/2017, **be approved**:

1.1 Table B2: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by standard classification);

1.2 Table B3: Adjustment budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);

1.3 Table B3: Adjustment budget Financial Performance (revenue by source);

1.4 Table B4: Adjustment budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;

1.5 Table B6: Budgeted Financial Position;

1.6 Table B7: Budgeted Cash Flow;

1.7 Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;

1.8 Table B9: Asset Management;

1.9 Table B10: Basic service delivery measurement; and

2. That the Adjustment Budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN012/03/2017**
**OVERSIGHT REPORT ON THE 2015/2016 ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 129 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**

The Speaker referred the meeting to the recommendation in the Oversight Report for consideration by Council.

The Executive Deputy Mayor stated that the Council greatly appreciate the acknowledgements for the excellent work provided in relation to the preparation of the report.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

1. That Council adopts the Oversight Report and approves the 2015/16 Annual Report without reservations in terms of Section 129 (1)(a) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);

2. That the Accounting Officer submit copies of the minutes of this Council Meeting to the Auditor-General, the relevant Provincial Treasury and the Provincial Department responsible for Local Government in the Province; and

3. That the Accounting Officer make the Oversight Report public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act within seven days.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN013/03/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2017**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief background of the item under discussion.

**The undermentioned resolution is taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the quarterly and monthly budget statement and supporting documentation for January 2017.

***

**RVN014/03/2017**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 981, LAAIPLEK**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae en insette word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

1. Dat die Munisipaliteit ingevolge die MFMA, nie die persele vir munisipale doeleindes benodig nie;

2. Dat die munisipale waardasie ten bedrae van R35 000 (BTW ingesluit) as insetprys gebruik word vir die tender; en

3. Dat Erf 981, Laaiplek per tender beskikbaar gestel word vir verkoop op voorwaarde dat aansluiting tot die dienstenetwerk vir die koste van die suksesvolle tenderaar is.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN015/03/2017**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 3205: PORTERVILLE**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter gee 'n breë opsomming tot die item onder bespreking en neem die komitee deur die aanbeveling.

Verskeie vrae en insette word gelewer deur die Raadslede. Raadsheer Swart versoek dat die gemeenskap deel uitmaak van die projek en noem dat die ANC die PEO (LED) aktiwiteite steun.

(***Die DA-koukus versoek 'n koukusgeleentheid vanaf 15:25 waarna die vergadering hervat om 15:35)***

***Na die koukusgeleentheid gee die Uitvoerende Burgemeester terugvoer dat die:***

1. DA-koukus versoek dat die item terugverwys word na die Burgemeesterskomitee vergadering wat op Dinsdag 11 April 2017 plaasvind.

2. Uitvoerende Burgemeester 'n vergadering toestaan aan die ANC-koukus, na behoorlike kennisgewing vir 'n gesprek en verdere insette.

***(Die ANC versoek 'n koukusgeleentheid vanaf 15:30 waarna die vergadering hervat om 15:37)***

3. Na die koukusgeleentheid gee Raadslid Claassen terugvoering dat die ANC versoek dat wyksraadslede ook die Burgemeesterskomitee-vergadering bywoon wanneer die item bespreek word en dat hulle ook insette kan lewer.

Die Speaker noem dat kragtens die proses alle Raadslede insette mag lewer by die staande komitees.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN016/03/2017**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN ONGEREGISTREERDE ERF 4471 PIKETBERG (VOORHEEN ERF 1333, PIKETBERG)**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

***(Die ANC versoek 'n koukusgeleentheid vanaf 15:50 waarna die vergadering hervat om 15:52)***

Die ANC-koukus bevestig hul standpunt naamlik:

- dat hulle steun die verdere verhuring, maar nie saamstem met punt 2 van die aanbeveling nie en versoek dat 'n bepaalde tydperk indie kontrakte van alle vaste eiendom wat verhuur word, ingeskryf word.

Die Uitvoerende Onderburgemeester lewer kommentaar met betrekking tot die konsekwentheid ten opsigte van huurkontrakte in alle dorpe in Bergrivier munisipale gebied.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

1. Dat Erf 4471, Piketberg (voorheen Erf 1333, Piketberg) nie vir Munisipale doeleindes benodig word nie;

2. Dat die Raad se voorneme om Erf 4471, Piketberg aan Mother Pearl Bewaarskool te verhuur, geadverteer word vir 14 dae en indien geen besware ontvang word nie, voortgegaan word met die verlenging van die bestaande huurkontrak vir 'n onbepaalde tydperk, met wedersydse kennisgewing van twee maande vir beeïndiging van die huurkontrak;

3. Dat Paragraaf 2 van die bestaande huurooreenkoms dienooreenkomstig aangepas word, ooreenkomstig die termyn by punt no. 2 van hierdie besluit; en

4. Dat paragraaf 1.1.1 van die huidige huurkontrak vervang word met *"Erf 4471, Piketberg geleë op die hoek van Zebra- en Calendulastraat."*

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN017/03/2017**
**PRIMARY HEALTH CARE FACILITY: RESTANT ERF 386, REDELINGHUYS**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT**

1. Dat punt 4 van Raadsbesluit RVA014/05/2015 gedateer 29 Mei 2015 geskrap word; en

2. Dat 'n verdere verlenging toegestaan word tot einde Desember 2018.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN018/03/2017**
**<u>AANWYS VAN VERTEENWOORDIGERS OP SALGA WERKSGROEPE</u>**
**3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

Die Speaker versoek dat die betrokke afgevaardigdes vervoerreëlings na die verskeie werksgroepe gesamentlik doen, ten einde koste te bespaar.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die onderstaande persone aangewys word om die Raad op die ooreen-stemmende SALGA werksgroepe te verteenwoordig:

| SALGA WORKING GROUPS | RAAD | | PERSONEEL | |
|---|---|---|---|---|
| | Raadslede | Sekundus vir Raadslede | Personeellid | Sekundus vir personeellid |
| Community Development & Social Working Group | Rdh R van Rooy | Rdl A du Plooy | Hoof Strategiese Dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur MB afhangende van agenda |
| Economic Empowerment & Employment Creation | Rdh A de Vries | Rdd S Crafford | Bestuurder Strategiese Dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur MB afhangende van agenda |
| Environmental Planning & Climate Resilience | Rdh R van Rooy | Rdh JJ Josephus | Bestuurder Beplanning en Ontwikkeling | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Human Settlements & Municipal Planning | Rdl M Wessels | Rdh R van Rooy | Direkteur Tegniese Dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Public Transport and Roads | Rdl M Wessels | Rdl A du Plooy | Direkteur Tegniese Dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Water, Sanitation and Waste Management | Rdl M Wessels | Rdl A Small | Direkteur Tegniese Dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Capacity Building & Institutional Resilience | Rdh R van Rooy | Rdl J Daniels | Bestuurder Menslike Hulpbron-dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Governance & Intergovernmental Relations | Rdh EB Manuel | Rdd S Crafford | Munisipale Bestuurder | Waarnemend of afgevaardigde deur MB afhangende van agenda |
| Municipal Finance & Fiscal Policy | Rdd S Crafford | Rdl J Daniels | Direkteur Finansiële Dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Municipal Innovations & Information Technology | Rdh R van Rooy | Rdd S Crafford | Hoof IT | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| SALGA Members Assembly | Rdh JJ Josephus | Rdl J Daniels | Munisipale Bestuurder | Waarnemend of afgevaardigde deur MB af-hangende van agenda |
| SALGA : Western Cape Division of SALGBC : Plenary and Executive Committee | Rdh A de Vries | **Not necessary** | Munisipale Bestuurder | Waarnemend of afgevaardigde deur MB afhangende van agenda |

2. Dat die Speaker, Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder en Direkteure die reiskostes binne die goedgekeurde begrotings bestuur;

3. Dat SALGA dienooreenkomstig in kennis gestel word op die voorgeskrewe vorm voor 31 Maart 2017; en

***MUNISPALE BESTUURDER***

4. Dat delegasie 239 (paragraaf 2 hierbo) soos volg verander word:

| ACT, REGULATION, BY-LAW, POLICY | MATTERS | DELEGATION NUMBER | POWER / DUTY | DUTY OF | DELEGATED TO | SUB-DELEGATED TO |
|---|---|---|---|---|---|---|
| General delegations to the Municipal Manager | General matters | Delegation number 2 | To appoint officials to represent council on outside bodies | Council | Municipal Manager in consultation with the relevant Director | None |

***MUNISPALE BESTUURDER***

***

**RVN019/03/2017**

**TERUGVOER VANAF mSCOA KOMITEE OOR DIE ONDERSOEK NA FINANSIËLE STELSEL**

***(Ter inligting)***

Die Onderburgemeester gee agtergrond ten opsigte van die item onder bespreking, tesame met spesifieke verwysing na die ter plaatse ondersoek aan Tlokwe Munisipaliteit.

Die Direkteur Finansiële Dienste lewer verdere kommentaar en meld dat hy baie beïndruk is met die spoed waarteen die diensverskaffer werk en terugvoering gee aan Provinsie.

Verdere kommentaar en insette word deur Raadslede gelewer.

Die Munisipale Bestuurder sal die Raad voorsien van 'n vorderingsverslag indien probleme ondervind word.

Die Direkteur Finansiële Dienste onderneem om Nasionale Tesourie skriftelik in kennis te stel van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se besluit rakende die implementering van mSCOA by Bergrivier Munisipaliteit.

**BESLUIT VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE : BKN008/03/2017**

1. Dat Bergrivier Munisipaliteit die tender van Vesta Technical Services (PTY) Ltd aanvaar, soos ingedien tydens Nasionale Tesourie se RT25 tenderproses en goedgekeur deur die Munisipale Bestuurder op aanbeveling van die Bodtoekenningskomitee;
2. Dat die nodige goedkeuring, soos vereis in Nasionale Tesourie Omsendbriewe, verkry word om hierdie proses te finaliseer;
3. Dat die nodige ondersoeke gedoen word vir die implementering van die Vesta stelsel, om in werking te tree voor 1 Julie 2017, insluitende ʼn implementeringsprogram; en
4. Dat ʼn diensleweringsooreenkoms met Vesta aangegaan word met die insluiting van ʼn boeteklousule vir nie-nakoming en dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om dit te onderteken in konsultasie met die Hoof Finansiële Beampte (CFO).

Die Raad neem kennis van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se besluit, soos ter inligting voorgelê.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN020/03/2017**
**DRAFT FOURTH GENERATION INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP): 2017-2022**
**15/1/5/5**

Die Munisipale Bestuurder lê die konsep Vierde Generasie Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (2017-2022) voor aan die Raad en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Sy noem 'n paar punte naamlik:

- dat eksterne hulp van staatsdepartemente ontvang is;
- dat wyksplanne nog nie afgehandel is nie en moet teen einde Maart 2017 klaar wees en in April/Mei 2017 aan die wykskomitees voorgelê word; en
- dat by punt (4) die woord "final" voor IDP gevoeg word.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

1. That the draft 2017 - 2022 IDP for Bergrivier Municipality be approved in terms of Section 25(1) of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) for the purposes of obtaining public inputs and comments. Notice is taken that Chapter 7 (Ward Plans) needs to be completed once the results of the survey is available at the end of March 2017. The ward plans will be advertised at the relevant ward committees for their inputs;
2. That the draft IDP be advertised for public inputs and comments during April 2017;
3. That the draft IDP be submitted to the Provincial Department of Local Government, Provincial Treasury, National Treasury and the West Coast District Municipality; and
4. That the final IDP be submitted to the Mayoral Committee during May 2017 and to Council before the end of May 2017 for final consideration.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN021/03/2017**
**DRAFT FINAL BUDGET 2017/2018, 2018/2019, 2019/2020**
**5/1/1**
**(‘n *Addisionele verslag word ter tafel gelê)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en noem dat sy trots is op die feit dat die komitee terdeë bewus is van die proses tot die aanloop van die konsepbegroting en wat in die Vierde Generasie Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (2017-2022) opgeneem is.

Die Direkteur Finansiële Dienste lig etlike aspekte uit, naamlik:

- dat ‘n algemene tariefverhoging van 7,9 % toegestaan word;
- dat die elektrisiteitsverhoging nie finaal is nie;
- dat armoedeverligtingsinisiatiewe (deernistoelae) ook in die begroting ingewerk is;
- dat R300 000 spesifiek begroot is vir studentebeurse wie se ouers hulpbehoewend is met inagneming dat die beleid eersdaags voorgelê word;
- dat NERSA se elektrisiteitsverhoging tans 2.11% is; en
- dat NERSA se elektrisiteitstarief teen Vrydag 31 Maart 2017 aangekondig word.

Die Uitvoerende Burgemeester, Speaker en Burgemeesterkomitee bedank die Direkteur Finansiële Dienste en sy afdeling vir uitstekende werk gelewer.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

1) That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:

a) The annual budget of the municipality for the financial year 2017/18 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:

   i) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;

   ii) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;

   iii) Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) –Table A4; and

   iv) Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5.

b) The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve/accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables

   i) Budgeted Financial Position – Table A6;

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

ii) Budgeted Cash Flows – Table A7;
iii) Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;
iv) Asset management – Table A9; and
v) Basic service delivery measurement – Table A10.

2) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2017:

a) the tariffs for property rates,
b) the tariffs for electricity;
c) the tariffs for the supply of water;
d) the tariffs for sanitation services; and
e) the tariffs for solid waste services.

3) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2017 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document.

4) To give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of Bergrivier Municipality approves:

a) That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations.

b) That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2017/18 financial year limited to an amount of R6.080 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act.

c) That the Municipal Manager be authorised to sign all necessary agreements and documents to give effect to the above lending programme.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

5) The following policies were reviewed and the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts the following existing policies:

a) Asset management policy;
b) Cash Management and Investment policy;
c) Credit control and Debt collection policy;
d) Property Rates policy;
e) Tariff policy;
f) Virement policy;
g) Property Rates Bylaw;
h) Supply Chain Management policy (Existing policy replace with new policy);
i) Borrowing Policy;
j) Funding, Reserves and Long Term Financial Planning Policy; and
k) Budget Implementation and Monitoring Policy.

***

**RVN022/03/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 09 FEBRUARIE 2017**

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN023/03/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 14 FEBRUARIE 2017**

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN024/03/2017**
**AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**RVN025/03/2017**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:45*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

______________________ ______________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***